



# ONESHOT KOLSKOOT

Vol 1 No 1

First Semester 2005

• Eerste Semester 2005

---

Handgun Hunters Association of Southern Africa • Handwapen Jagtersvereniging van Suider-Afrika

---

## In this Issue

## In hierdie Uitgawe

A Voice for Southern African Handgun Hunters	1
Message from our Chairman	2
Rocks on the Road	3
Grondwet	5
Gedragkode vir Handwapenjagters	7
The Hunter's Image – positive or negative?	10
Wapenskoot – die Verhaal van 'n Wildebeesjag	13
Letters to the Editor - Exceptional Rhino	15
Zero your Handgun with a single Shot	17
How to apply for a new Firearms Licence	18
Firearm Licence Fees	19
News from CHASA	20
Eendrag maak Mag	21
Ndaba Skietklub: Jaarprogram 2005	22
Trading Post/Handelspos	24

---

A VOICE FOR SOUTHERN AFRICAN HANDGUN HUNTERS

This first issue of *OneShot/KolSkoot* is a milestone in the saga of handgun hunting in this subcontinent. It is a communication forum for everyone interested and involved in this unique form of ethical hunting, to the long term benefit of the sport and its eventual acceptance by the wider hunting community, landowners, the authorities and the public.

However, this is but the first step of a very long journey. In five years we will hopefully be able to look back and say "we took the right road".

*OneShot/KolSkoot* belongs to our members, and what it is depends on our support.

Om hierdie rede die dringende versoek: ons het julle idees ter verbetering en uitbouing van die nuustydskrif nodig. Ewe belangrik is bydraes - artikels, nuus, lekkerlees-jagverhale, fotos, briewe aan die redakteur oor enige onderwerp wat handwapenjag aanraak. Ons kan goeie gehalte fotos, swart-en wit sowel as kleur, gebruik, hoewel ons drukproses op hierdie stadium tot swart-en-wit beperk is. Tegnieese artikels is veral welkom, maar onthou dat verkeerde inligting, veral herlaaidata, op 'n ramp kan uitloop.

Om die proses te bespoedig, stuur asseblief bydraes in elektroniese formaat (.DOC of .TXT, en .JPG in die geval van foto's en illustrasies. Maar van dié van ons wat nie toegang tot 'n rekenaar het nie, is 'n duidelik getikte of selfs handgeskrewe manuskrip, sowel as fotos ook aanvaarbaar. Die belangrike is die bydrae self!

Hierdie uitgawe bevat ons Grondwet en Gedragskode vir Handwapernjaters. Beide is lewende dokumente, die bewoording en inhoud waarvan wat onvermydelik deur die tyd sal groei en verander. Lees hulle asseblief aandagtig deur en, indien julle enige idees het wat die inhoud kan verbeter, stel dit op skrif en stuur dit aan ons Sekretaris deur.

The Constitution and Ethical Code will in time be translated to and published in English.

*OneShot/KolSkoot* is a bilingual publication. We will try to maintain a balance, although it will not always be possible to please everybody. So bear with us. Fortunately, most of our members are functionally bilingual. Contributions will be published in the language they are received in; if it is necessary to translate them, we will consult with the author.

Die internasionale aard van *OneShot/KolSkoot* maak dit gebiedend om sekere bydraes in Engels te plaas - selfs al moet hulle vertaal word. 'n Voorbeeld is Abré Steyn se brief oor 'n merkwaardige swartrenoster wat in die jare dertig in Oos-Afrika gejag is. Hierdie inligting en foto is nog nooit voorheen gepubliseer nie, en in die lig van die internasionale belang daarvan is dit na Engels vertaal.

In the pipeline is an additional electronic *OneShot/KolSkoot*, for members with e-mail.

Chris Nel            Editor/Redakteur

## MESSAGE FROM OUR CHAIRMAN

With the first quarter of 2005 behind us, time for resolutions for the new year are part of the past. However, the fact remains that the work ahead for me and my committee is so daunting that I have to complete a new set of resolutions every Monday morning!

The road from our start in July last year was a very rocky one indeed. However, it is a pleasure to say that we are now firmly on track. This first newsletter should be an indication of that.

The year 2005 will hopefully go down in history as the year in which the future of handgun hunting in South Africa was finally secured. To achieve this, many things will have to be put in place. Not only must all previous bona fide hunters' status be changed to that of dedicated status, but all members must undergo training, testing and certification. This is no easy task if you consider that our members are scattered throughout the country. A vast amount of organisation will have to go into it, as it will only be able to be done in co-operation with other local hunters' associations. As our 'Region' system is not yet in place, everything will still have to be done from Pretoria.

Die goeie nuus is dat ons affiliasie-aansoek by CHASA eenparig op 19 Februarie goedgekeur is. Ons is nou 'n volwaardige internasionale handwapen-jagtersvereniging en is wetlik gemagtig om toegewyde jagterstatus aan ons lede toe te ken.

Die ledetal op ons boeke het nou al die 120-vlak verbygesteek, maar talle lede het nog nie hul lidmaatskapfooi betaal nie. Onthou dat alle handwapenjagters nou wetlik verplig is om aan HWJSA/HHASA te behoort. Ons probeer egter nie soos ander om die situasie te misbruik nie, daarom word die fooi op hierdie stadium tot 'n bekostigbare R200 per jaar, sonder enige intreefooi, beperk. Jagters kan nie teoretiese lede wees sonder om 'n lidmaatskapfooi te betaal nie. Ons sal aansoekvorms voorsien aan persone wat nog nie een ontvang het nie of wat nog nie betaal het nie, waarna dertig dae grasia verleen sal word voordat 'n intreefooi gehef word. Ons veg hand en tand vir handwapenjagters se regte, en die minste wat ons vra is dat ons in hierdie taak ondersteun word. Oor 'n jaar is dit dalk te laat.

Ons sekretaris, Prof Gerhard Verdoorn, moes ongelukkig weens werkdrukke sy pos neerlê. Sy plek is ingeneem deur Linette Diederiks, wat reeds verlede jaar haar merk gedurende die skietoefeninge en ook in die jagveld gemaak het. Ons heet haar baie welkom en wens haar sterkte toe met die groot taak.

We would like to build *OneShot/KolSkoot* into a news magazine to be proud of. With Chris Nel and Mauritz Coetzee in the driving seats we have the talent. But they need contributions from members. It is our news magazine. As handgun hunters we now have a voice .... use it!

Laastens wil ek die res van my komitee baie bedank vir die harde werk en ook sterkte toewens vir die res van die jaar. Aan al ons lede wens ek 'n baie voorspoedige jagseisoen. Laat ons gelei word deur ons leuse Een Goeie Skoot / One Good Shot!

Abré J Steyn

## ROCKS ON THE ROAD

The Handgun Hunters Association of Southern Africa was formally established on 3 July 2004 at the Voortrekkerhoogte shooting range, Pretoria. Nic Roets of the South African Hunters and Game Conservation Association had been acting as interim co-ordinator up to this stage to get the ball rolling.

As is possibly common knowledge by now, Director Jaco Bothma of the Central Firearms Registry was at the time not convinced that game could be taken with a handgun, or that a sport such as handgun hunting existed.

At the foundation meeting at the Voortrekkerhoogte Shooting Range in Pretoria, Abré Steyn was elected as chairman with Dr Mauritz Coetzee as vice-chairman, Dr Gerhard Verdoorn as secretary, Danie Terblance as treasurer. Dr Jan Myburgh, Chris Nel and Org Hamman were elected as additional members.

During the following months the committee had to make a number of difficult decisions.

Initially, the HHASA was to have been a branch of the oldest and largest hunters association in the country, the South African Hunters and Game Conservation Association. As such, it would have been entitled to the advantages and privileges this holds, and to the SAHGCA's excellent infrastructure.

However, three constitutional and practical problems soon became apparent.

Firstly, ours is a national association. SAHGCA branches are geographically based.

Secondly, a non-SAHGCA member of HHASA would have to join SAHGCA as well. The one-time joining fee (R300) and annual membership fee (R260) of SAHGCA are rather high. We felt that it would not in the best interest of these members of our fledgling association to be forced to pay membership fees of two associations.

Thirdly, our real status, that as a branch within SAHGCA, would have been marginal in terms of votes and benefits. In addition, a substantial portion of our membership fees would have had to be paid over to SAHGCA.

So, at the first GM, held at the Adrian Rosslee's Magnum United shooting range near Avondzon on 23 October 2004, the unanimous decision was taken that the HHASA should be an independent association and not a branch of SAHGCA. Soon afterwards, SAHGCA was informed of the decision.

Discussions were started with the Confederation of Hunters Associations of South Africa (CHASA) for affiliation to this accredited body. After lengthy negotiations that culminated in a formal application to CHASA, we received the green light and became formally affiliated to CHASA on 19 February 2005.

During this time the committee also had to devote a great deal of time and energy to other matters. A constitution had to be drawn up, as well as a policy document as requested by Director Bothma, entailing a list of handgun cartridges/calibres deemed appropriate for hunting, and a clear and definite code of ethics on handgun hunting.

As we were no longer a branch of SAHGCA and could therefore not use its membership infrastructure, we had to develop our own membership application form and member records system. The application form was emailed or faxed to all people in the country interested or involved in handgun hunting we had contact details for, and we received a heartening response.

In the meanwhile we gave much coverage to announce the formation of HHASA and promote it. This included an article by the chairman Abré Steyn in the September 2004 issue of SA Jag & Wild, and a short article in Magnum. These two articles led to many of the old handgun hunters and encouragingly, prospective newcomers, contacting us.

We also appreciate that members want to shoot their guns, and shoot them often. For this reason we organised two shoots, at the Krokodilspruit range and at Adrian Rosslee's range respectively, in 2004.

In February 2005 Prof Gerhard Verdoorn resigned as secretary due to enormous work commitments. Linette Diederiks, who with her husband Hendrik is a keen and dedicated handgun hunter, agreed to step into the breach.

The quarterly HHASA newsmagazine *OneShot/KolSkoot* was entrusted to Chris Nel and Mauritz Coetzee. We have great expectations for it to develop into the communication medium for the Southern African handgun hunting fraternity. Our heartfelt appreciation to member Jurie Nel of Benchmark Printing & Publishing in Johannesburg for undertaking to sponsor its production and distribution to paid-up members. In addition an electronic version, for members with email addresses, is a future possibility.

It also became evident from the phone calls we received that people were getting impatient with the progress that was being made. Rest assured we heed the concerns, and are doing what we can to get the Association moving

The past eight months, with many obstacles having to be overcome, have not been easy. However, with things coming together at this stage we can all look forward to a strong and vibrant young association, something we all need to assure the future of handgun hunting in the subcontinent.

Thank you for your patience and support.

Abré Steyn  
Linette Diederiks  
Jan Myburgh

Mauritz Coetzee  
Danie Terblanche  
Chris Nel

## GRONDWET

### 1. NAAM EN REGSPERSOONLIKHEID

1.1 Handwapen Jagtersvereniging van Suider-Afrika (HWJSA)/  
Handgun Hunters Association of Southern Africa (HHASA)

1.2 Die Vereniging sal:

- a. 'n regspersoon wees en onafhanklik van sy lede bestaan
- b. ewigdurende opvolging geniet
- c. bevoeg wees om, onderworpe aan die bepalings van die Grondwet, onafhanklik van sy lede eindom te verkry of te vervreem of verpligtinge op te loop of te delg.

### 2. MISSIE

Die Bevordering van die belange en beeld van handwaperjagters in Suider-Afrika.

### 3. ALGEMENE VERGADERING

- 3.1 'n Algemene Jaarvergadering sal gehou word gedurende Januarie van elke jaar en sal addisioneel wees tot enige Algemene Vergaderings deur daardie jaar gehou.
- 3.2 Gedurende hierdie Algemene Jaarvergadering word 'n Voorsitter, Onder-Voorsitter en Sekretaris en soveel bykomstige Bestuurskomiteeledes verkies as wat die vergadering mag besluit vir 'n termyn van een jaar (die nominasie- en verkiesingsprosedure word deur die vergaderingsvoorsitter bepaal). Die Bestuurskomitee kan bykomende lede tot die komitee koöpteer wanneer nodig.
- 3.3 Die finansiële jaar van die Vereniging verloop volgens die kalenderjaar wat eindig op 31 Desember.
- 3.4 Algemene Vergaderings ander dan die Algemene Jaarvergadering vind plaas wanneer nodig en wel volgens 'n dagbestuursbesluit of wanneer tien (10) lede die Bestuur skriftelik daartoe versoek.
- 3.5 Die Bestuur moet skriftelike kennisgewing van 'n Algemene Vergadering, sowel as 'n agenda vir daardie vergadering, ten minste 14 (veertien) dae voor die vergadering aan lede uitstuur. 'n Vergadering sal egter nie ongeldig wees omdat 'n kennisgewing aan 'n lid gestuur, nie deur daardie lid ontvang is nie.
- 3.6 'n Korumgrootte is tien (10) lede en alle opbetaalde lede wat fisies teenwoordig is, het stemreg.
- 3.7 Behalwe indien tot die teendeel bepaal is in hierdie Grondwet, sal alle Algemene Vergaderings afgehandel word in ooreenstemming met algemeen-aanvaarde vergaderingsprosedures.
- 3.8 Die Voorsitter sal alle Algemene Vergaderings lei. Indien hy nie teenwoordig is nie, sal die Onder-Voorsitter as voorsitter van die vergadering optree. Indien die Onder-Voorsitter ook nie teenwoordig is nie, sal die lede teenwoordig op die vergadering, by wyse van stemming 'n voorsitter aanwys.

### 4. DAGBESTUUR

- 4.1 Die Voorsitter, Onder-Voorsitter en Sekretaris vorm die Dagbestuur van die Vereniging.
- 4.2 Die Dagbestuur lei, bestuur en administreer die sake van die Vereniging volgens die Grondwet en sal oor alle magte beskik wat nodig is hiervoor, waaronder kan tel:
- a. Die opening van 'n bankrekening.

- b. Die daarstel van 'n verenigingsadres.
- c. Die vasstelling van intreegeld en ledegeld.
- d. Die goedkeuring van lidmaatskap aansoeke.
- e. Die hou van tugsake met die mag om lede wat skuldig bevind word aan oortreding

van

die Gedragskode, se lidmaatskap te beeindig. (Appel teen skuldigbevinding mag deur die

beskuldigde binne 21 dae skriftelik aangeteken word by die Sekretaris. Die Dagbestuur

moet dan 'n Spesiale Algemene vergadering reël om die appel aan te hoor.)

## 5. AANSPREEKLIKHEID

5.1 Elke lid van die Vereniging sal gebonde wees aan die bepalings van hierdie Grondwet sowel as

aan die bepalings van die Gedragskode.

5.2 Lede is nie aanspreeklik vir slegte skuld van die Vereniging nie.

5.3 Die Vereniging is nie regtens aanspreeklik vir optrede van die lede nie.

## 6. WYSIGING EN INTERPRETASIE

6.1 Die Grondwet kan gewysig word deur 2/3 (tweederde) meerderheid op 'n Algemene Jaarvergadering.

6.2 Interpretasie van die Grondwet is nie volgens die letter nie, maar volgens die bedoelings van die

outeurs en die gees van die verenigings-wil.

*LET WEL Die Grondwet is 'n lewede dokument, die eiendom van al die lede van die Vereniging. Dit sal ongetwyfeld met tyd verder verfyn word, en voorstelle van lede in die verband word verwelkom.*

## GEDRAGSKODE VIR HANDWAPENJAGTERS

Handwapenjag is nog 'n relatiewe jong en grootliks ongewone en onbekende jagsport in Suider-Afrika. Om hierdie rede word dit plaaslik nog met 'n mate van skeptisisme bejeën deur die wyer jagtersgemeenskap, die algemene publiek en die owerheid. Dit is dus van kardinale belang dat die etiese gedrag van elke handwapenjagter absoluut onberispelik sal wees.

Die wyse waarop 'n handwapenjagter sy jag beoefen, die verantwoordelikheid, waardering en respek waarmee hy teenoor sy natuurferenis optree en sy benutting daarvan, sal bepaal tot watter mate sy betrokkenheid. by die jagsport deur die publiek aanvaar word en hy deur sy mede-jagters gerespekteer word. Jagtersetiek behoort nie deur reëls en wette op 'n ware sportman afgedwing te word nie, want dit behoort deel te vorm van sy hele wese.

Hoewel elke etiese handwapenjagter binne die bepalings van die wet en die voorskrifte van die grondeienaar waar hy jag moet optree, is alles wat wetlik of voorskriftelik regverdigbaar is, nie noodwendig volgens die norm van die ware sportman eties nie.

Die noodsaaklike take van wilduitdunning en probleemdierbeheer word, weens die metodes wat normaalweg gebruik word, nie as "jag" beskou nie. Dit beteken geensins nie dat die vermindering van die wildboer se surplus wild, wat deur homself of deur jagters op 'n etiese wyse en binne die norme van hierdie kode, nie as sportjag beskou kan word nie. Dieselfde geld vir probleemdiere. Dit is nie die motief nie, want die wyse en die gees waarin dit gedoen word sal bepaal of dit "jag" is, al dan nie.

Elke handwapenjagter behoort binne die volgende norme sy sport te beoefen. In alle gevalle hieronder, waar daar na die manlike verwys word, word ook die vroulike handwapenjagter ingesluit.

1. Dat daar word altyd binne die bepalings van geldende WETGEWING gejaag sal word.
2. Die handwapenjagter streef daarna om sy prooi met EEN GOEIE SKOOT te dood en enige lyding te voorkom.
3. Dat hy sy natuurerfenis en alles wat daarmee gepaard gaan, asook sy prooi deurentyd met die grootste mate van RESPEK sal bejeën en hy alles in sy vermoë sal doen om dit vir die nageslag te bewaar.
4. Dat hy deurentyd in die gees van BILLIKE AGTERVOLGING (fair chase) sal jag en die prooi altyd 'n geleentheid tot ontsnapping gebied word.
5. Dat geen dier gejaag sal word in 'n kamp waarin dit nie normaalweg SELFVERSORGEND kan leef nie.
6. Dat geen dier met behulp van 'n motoraangedrewe voertuig VOERTUIG gejaag of agtervolg of geskiet sal word nie, behalwe waar die gestremdheid van die jagter dit noodsaak.
7. Dat wild nie by suipings, lekke of voerplekke VOORGESIT en gejaag sal word nie. Waar wettig, word voerplekke vir bosvarke en aas vir luiperds uitgesluit.
8. Dat jag slegs BEDAGS met behulp van natuurlike lig beoefen sal word. Waar wettig, word bosvarke en luiperds uitgesluit.
9. Dat die ANATOMIE van die prooi vooraf bestudeer sal word en seker gemaak word dat hy presies weet waar om sy skoot te plaas, ten einde die lewendgewende organe te tref.
10. Vermy KOP- en NEKSKOTE, tensy jy presies weet waar die brein en nekwerwels geleë is en jy absoluut oortuig is dat jy hierdie klein teikens kan tref.



11. Moet nooit bewustelik VROULIKE DIERE wat dragtig is of wat afhanklike kleintjies het, skiet  
nie. As jy 'n vroulike dier jag, kyk eers met 'n verkyker of haar buik of uier nie groter as  
gewoonlik is nie.
12. Moet nooit die solitêre ram of bul in 'n TEELTROP skiet nie al is hy die beste trofee, want  
jy  
benadeel die gene-poel. Hy is die beste teeldier. Skiet eerder 'n alleenlopende ou ram of bul,  
of  
'n jonge.
13. Moet nooit na 'n dier in 'n TROP skiet as daar enige gevaar bestaan dat 'n ander dier dalk  
getref  
mag word nie.
14. Gebruik slegs 'n WAPEN en KALIBER wat opgewasse is vir die taak. Verseker dat dit 'n  
akkurate lading is en dat die wapen presies ingestel is.
15. Neem die BEPERKINGS van 'n handwapen in ag en oefen gereeld met jou jaglading. As  
jou  
gesig verswak, monteer 'n teleskoopvisier.
16. Streef daarna om jou JAGTEGNIÛK te verbeter. Ontwikkel behoorlike BEKRUIP-tegnieke  
en  
kom so naby as moontlik aan jou prooi voordat jy skiet.
17. Moet nooit 'n KANS neem nie. Jou reputasie sowel as die geloofwaardigheid van die hele  
handwapenjagters-gemeenskap hang van jou gesonde oordeel af. As jy dit skaad, sal jy  
nooit  
vergewe word nie.
18. Moet nooit die soektog na 'n GEKWESDE dier staak voordat jy nie jou uiterste bes gedoen  
het  
om dit op te spoor nie. Moet verkieslik nooit sonder 'n spoorsnyer jag nie.
19. BESTUDEER die dierelêwe waar jy jag en verbeter jou algemene kennis van die  
omgewing,  
bome, voëls ens. Beoefen jou jag as 'n edelsport wat jou kan nader bring aan die handewerk  
van  
die Skepper.
20. Moet nooit enige dier se lewe neem sonder 'n goeie REDE nie, en BENUT alle wild ten  
volle.
21. Moet nooit 'n dier jag wat 'n BEDREIGDE SPECIES is, of wanneer die jag daarvan tot die  
uitsterwing van die spesies kan bydra nie.
22. Ondersteun alle sinvolle pogings tot NATUURBEWARING en maak dit duidelik aan almal  
dat  
jagters grootliks bydra tot bewaring.

23. Moet nooit **STERK DRANK** gebruik terwyl jy jag nie. Afgesien van die gevaar daaraan verbonde, is daar min dinge wat meer skade aan 'n jagter se reputasie doen. Geniet jou jag, maar laat jou kampgedrag ook van jou 'n goeie handwapenjag-ambassadeur maak.
24. Moet nooit 'n vuurwapen **RIG** op enigiets lewend wat jy nie bereid is om te dood nie.
25. Moet nooit 'n skoot **AFTREK** as jy onseker is waar jou koël gaan stuit nie, of waar dit enige gevaar vir mens of dier mag inhou nie.
26. **BEWAAR** vuurwapens agter slot en grendel, selfs in 'n jagkamp. Moet nooit 'n **GELAAIDE WAPEN** in 'n huis, tent of voertuig neem nie. Moet nooit 'n wapen in 'n gelaaide toestand wegbêre nie, of dit ooit, hoe kortstondig ookal, sonder toesig laat nie.
27. Behandel alle vuurwapens as gelaai en oorgehaal, tensy die aksie oop is en jy jouself kan vergewis dat daar nie 'n patroon in die kamer is nie. Hanteer alle wapens, insluitende messe, altyd met die nodige verantwoordelikheid, respek en sorg.
28. Wees altyd **HOFLIK** en **BEHULPSAAM** teenoor mede-jagters, grondeienaars en nie-jagters op 'n manier wat die beeld van die handwapenjagter sal bevorder.
29. Wees bereid om jou **JAGKENNIS**, ondervinding en vaardigheid met diegene met minder ondervinding te deel en bekou dit as jou plig om behulpsaam te wees met die **OPLEIDING** van ander.
30. Berei jou wapen, jou ammunisie en jouself behoorlik voor vir die **JAGSEISOEN**. Sorg dat jy fisies in staat is om die eise van die jagtog te kan hanteer.
31. Maak seker dat jy **TOESTEMMING** het van die eienaar van die grond waarop jy jag, en sorg dat al sy reëls eerbiedig word. Meld jou by aankoms aan en betaal die ooreengekome fooie wanneer jy vertrek.
32. Maak seker dat die **KAMPTERREIN** skoon is wanneer jy vertrek en moet niks, ook nie patroondoppies, agterlaat nie. Sorg ook dat enige verpligtinge teenoor die kamphulp en spoorsnyers stiptelik nagekom word.
33. Moenie mense met **STORIES** oor jou jagprestasie probeer beindruk nie. Beindruk hul eerder met jou gedrag as etiese jagter.
34. 'n **ETIESE JAGTER** is iemand wat die wet gehoorsaam, niks neem waarop hy nie geregtig is nie, net jag en doodmaak wat hy kan benut, eerbied en meegevoel het vir die dier wat hy jag, 'n liefde het vir die natuur en respek en begrip openbaar teenoor sy mede-jagters, helpers en selfs diegene wat geensins in jag belang stel nie. Hy sal egter vurig veg teen enige poging om hom sy

wapens en sy reg om te jag te ontnem, en enige organisasie steun wat dieselfde doelstellings nastreef.

*LET WEL Die Gedragskode is 'n lewede dokument, die eiendom van al die lede van die Vereniging. Dit sal ongetwyfeld met tyd verder verfyn word, en voorstelle van lede in die verband word verwelkom.*

## THE HUNTER'S IMAGE: POSITIVE OR NEGATIVE?

*An ethical hunter is an ambassador for his sport. A slob hunter spoils it for everybody*

Even staunch anti-hunters, if they think about it calmly, unemotionally and objectively, will concede that hunting pays for conservation. The burgeoning Southern African game industry is proof enough that this point need not be belaboured further.

Neither can anybody deny the fact that hunters are getting their house in order. The sterling work that the different hunters associations have been doing for decades is sufficient proof and has paid handsome dividends.

What then still fuels the arguments of the anti-hunting lobby?

Long discussions with supporters of this group forcibly brought home one undeniable fact to me - the behaviour of some people that call themselves 'hunters' is responsible for large portion of the blame.

Conservation, in the view of the hunter, is concerned about the survival of species and ecosystems and not about individuals. On the other hand, the anti-hunting faction is concerned about the welfare of individual animals; although it purports to be concerned about it, it never gets involved in species or the total environment. And bear in mind that its arguments appeal to the emotions rather than to reason.

It is thus understandable that if a staunch anti-hunter hears about an animal being wounded, it is like a red rag to a bull. Especially if it was lost, or what is worse, never even followed it up. His line of thought, based on emotion, then subconsciously tars all hunters with the same brush. Quite forgetting that nature itself can be equally harsh of 'cruel'.

And, unfortunately but quite understandably, even someone previously neutral about the matter (if there still are such people!) would henceforth be inclined to think dark thoughts about hunting.

Leaving a wounded animal can not be condoned under any circumstances. An ethical hunter will follow it and dispatch it, to the ends of the earth if needs be.

This unfortunately does not cut with the anti-hunter. To him, all hunters are the same. Especially if his views are further reinforced by observing the behaviour, sometimes in essence quite innocent if rather thoughtless, of certain people who also call themselves hunters.

The American term “slob hunters” is an excellent one distinguishing these gents from ethical hunters, whom I will henceforth just call “hunters”.

A hunter maintains his normal standards of ethics and behaviour when going on a hunting trip. A slob hunter tosses the few scruples and inhibitions that he still may have completely overboard.

To him, excessive drinking, carousing, loud swearing and other exhibitionistic and self-gratifying behaviour to, on and from the hunting field becomes 'normal'. Causing ordinary citizens to turn to stare and wonder.

I am no spoil-sport, but I feel strongly that makin' whoopee and hunting mix just about as well as do gunpowder and alcohol.

If they could hear what their fellow humans thought and said about them, especially back at home in the cold, objective world of their normal lives, they would turn a pale shade of grey. At least, they should.

But some do not even care.

Have we descended so far that we lack the sensitivity to know when our behaviour may be offensive to others?

Many other subtle points distinguish a hunter.

A hunter, once he has signed on the dotted line, does not quibble or complain about the price.

He makes sure about his documentation, and carries it on him in to and the hunting field, as well as on his way home.

He treats any firearms as loaded unless the bolt is removed or the action broken open.

He has a sound knowledge of firearms, ammunition and ballistics, and a good judge of distance under field conditions. He never uses an unsuitable cartridge or bullet on game. Neither does he ever go into the field without being sure his gun is sighted, or test it out on the nearest big tree.

Whether someone is watching him from behind a big marula tree or not, does not influence his behaviour or decisions. He is his own conscience and policeman.

He never fires a shot without being sure that it will hit true, and knows when to say no to himself.

He never points a firearm at any living thing he does not intend to kill. Neither does he ever fire a shot until he knows where the bullet will stop.

He never shoots what he can not use, and uses all that he shoots. Neither does he ever shoot at anything he is not legally entitled to.

He never shoots an animal at a water hole, or in any refuge area that the game rancher has set aside for his game.

He does not bribe his tracker to keep quiet about missing a shot. He does not leave gates open. He does not discard cigarette butts, matches or orange peels in the field.

He takes more than a casual interest in his surroundings, and goes out of his way to get to know the local trees, grasses and birds.

He never takes a loaded firearm into a house, car or tent. Neither does he leave any unattended firearm anywhere, not even briefly.

